



Fontein van die lewe

Teks vir die preek:

“... want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig. Laat u goedertierenheid voortduur vir die wat U ken, en u geregtigheid vir die opregtes van hart. ...”

Psalm 36

S de Bruijn

© by skrywer - 2014
www.christelikebiblioteek.co.za

Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Ps 84:1, 2 en 6
3. Wetslesing
4. Sing Ps 86:3, 6
5. Gebed
6. Skriflesing en teks: Psalm 36
7. Preek
8. Sing Ps 36:1-3
9. Gebed
10. Kollekte
11. Sing Psalm Ps 1:1, 2 en 4
12. Seën

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus,

In Markus 10 (17) lees ons van die ryk jongman wat by Jesus gekom het en voor Hom op sy knieë neergeval het en gevra het: “**Goeie** Leermeester, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?” Jesus het begin om hom te antwoord en gesê: “Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe God alleen.”

God is goed! God is die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is, so bely ons dit in die eerste artikel van ons Nederlandse Geloofsbelydenis. En in Psalm 36 is dit ook die gevolgtrekking waartoe Dawid kom.

GOD IS DIE ALLEROORVLOEDIGSTE FONTEIN VAN ALLES WAT GOED IS.

1. Struktuur wys dit uit

As ons na die struktuur van die Psalm kyk, is dit tog **opvallend hoe** God se goedheid hier ter sprake kom. In die **eerste vyf verse** van die Psalm word die goddelose mense beskrywe wat geen vrees het vir God nie, wat altyd daarop uit is om kwaad te doen en om te haat, wat kwaad lê en uitdink en wat op ‘n pad bly wat nie reg is nie.

Nou is dit so dat Dawid nie sonder goeie rede die goddelose mense en hulle doen en late hier ophaal nie. Dit is nie asof hy net ‘n teorie wil daarstel oor hoe goddelose mense behoort te dink en te lyk en te doen nie. Nee, op die een of ander manier het Dawid met hulle te doen gehad. Hulle het vir hom ‘n bedreiging ingehou.

Daarom dat hy bid in vers 12: “Laat my nie onder die voete van eiegeregtige mense beland nie, moenie dat goddeloses my hier wegdryf nie.” Hulle het sy lewe bedreig en sy lewensomstandighede vir hom moeilik gemaak.

Ons weet uit die geskiedenis dat Dawid maar ‘n onstuimige lewe gehad het. Op ‘n tyd het Saul sy lewe gesoek. Dawid moes vlug en het in grotte weggekrui. Later toe hy koning was, was hy in voortdurende oorloë gewikkel gewees. Soveel so dat die Here nie as gevolg van die baie oorloë wou hê dat Dawid vir Hom ‘n tempel moet bou nie. Toe Dawid koning was, was daar deur sy eie seun Absalom, pogings om sy koningskap omver te werp en toe moes hy met ‘n klompie vertrouelinge op die vlug slaan.

Ons weet egter nie na aanleiding van watter gebeurtenis Dawid Psalm 36 gedig het nie. In elk geval wil hy nie onder die voete van eiegeregtige mense beland nie en hy wil ook nie dat goddeloses hom wegdryf nie.

Die goddeloses wat in die eerste deel van die Psalm ter sprake kom, het die lewe vir Dawid moeilik gemaak en het veroorsaak dat sy omstandighede nie so goed was as wat 'n mens sou wou hê nie.

Nou is die opvallende **die tweede deel** van die Psalm, vers 6 tot vers 10. Onthou dat Dawid in die eerste deel die goddeloses beskryf wat die lewe vir hom moeilik gemaak het. Ons sou eintlik verwag dat Dawid, nadat hy die goddeloses beskryf, nou 'n beskrywing gee van die regverdiges, die dienaars van die Here.

Die goddeloses maak sy lewe moeilik, maar daar is darem ook nog die dienaars van God, wat help om die lewe vir hom makliker te maak. Dawid het tog nog, selfs in die tye wat hy moes vlug vir sy lewe, mense by hom gehad wat hom ondersteun het en wat hy kon vertrou. In die tye van oorloë het hy sy dapper manne gehad op wie hy kon staat maak.

Teenoor die beskrywing van die goddeloses, **ontbreek** daar egter in ons Psalm 'n beskrywing van die dienaars van die Here, die **mense** wat sou help om Dawid se lewe makliker te maak. Nee, dit is asof Dawid by al die dinge wat kan meehelp om sy omstandighede beter te maak, verby kyk. Hy kyk daarby verby, Hy kyk verder ... en hy sien vir **God** raak.

“Here, U liefde reik tot aan die hemel, U trou tot in die wolke, U beskerm die mense wat by U skuil, U is die bron, die fontein, van die lewe.”

Teenoor die sleg, stel die Psalm die goedheid van God.

2. Ons kanselleer die slegte met die goeie uit

Ons het gesê dat ons na die beskrywing van die goddeloses, 'n beskrywing van die dienaars van God sou verwag. Na die beskrywing van die **slegte**, 'n beskrywing van **goeie dinge** wat daardie slegte **uitkanselleer** en draagliker maak. Ons sou dit verwag, want dit is wat ons gewoonlik doen.

Wanneer daar slegte goed met ons gebeur, probeer ons dit uitkanselleer deur beter dinge daarlangsaaan te stel. As my motor byvoorbeeld gesteel word, dan kanselleer ek die slegte uit, deur die versekeringgeld wat ek vir die gesteelde motor sal ontvang. As ek in 'n motorkaping oorleef het, kanselleer ek die slegte uit, deur myself daaraan te herinner dat ek darem met my lewe daarvan afgekome het. As die rentekoerse opgaan, kanselleer ek dit uit deur my begroting en my skuld te herstruktureer. As ek siekte onder lede het, kanselleer die toeganklikheid van goeie dokters en goeie medikasie die slegte daarvan vir my uit. As ek myself aan misdadigers blootgestel voel, kanselleer sekureitsheininge en alarmstelsels en kwaai honde, die slegte daarvan vir my uit.

En in hierdie uitkansellering van die slegte sê ons baiekeer: Tel jou seëninge; dit maak nie saak wat gebeur het nie, jy het nog altyd baie om voor dankbaar te wees.

En weet u: Dit is ook heeltemal reg so. Wanneer daar slegte dinge oor ons pad kom, moet ons die goeie wat God gee daarlangsaaan sit en God dank vir die goeie wat Hy ons gegee het. Ons moet ons seëninge tel. Dit is heeltemal reg. Maar ons moet nie daarby stop en net dit doen nie. Ons moet verby die seëninge kyk en vir God raaksien wat daardie seëninge in die eerste plek **gee**.

Ons moet doen wat Dawid in ons Psalm doen. Teenoor die slegte in hierdie wêreld, die goeie.... van God stel. Steeds glo en bely dat God goed is. Glo en bely dat God die alleroorvloedigste fontein is van alles wat goed is.

Want wat gebeur as ons dit nie doen nie? As ons ons nie instel om vir God raak te sien, agter die goeie dinge, die seëninge wat daar in ons lewens is nie? ... As ons ons nie instel om vir God raak te sien nie, dan sien ons later net die gawes raak en dan kyk ons die Gewer van daardie gawes, dan kyk ons vir God mis.

En dan begin ons lewens net draai om daardie gawes, die goeie dinge, waarmee ons die slegte in ons lewens kan uitkanselleer. En dan verskil ons ingesteldheid in **wese** niks van dié van die ongelowiges, die mense wat God nie wil ken en Hom nie **dank** vir die goeie wat Hy ook in hulle lewens gee nie. Ja, ook die ongelowiges kanselleer die sleg in hulle lewens uit, met ander goeie dinge. Hulle erken en dank God net nie daarvoor nie. Iets wat natuurlik op die oordeelsdag teen hulle gehou sal word.

Nog iets wat kan gebeur as ons ons nie doelbewus instel om vir God raak te sien as die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is nie, is dat daar 'n dag kan kom dat iets so verskrikliks met jou gebeur dat die goeie dinge in jou lewe totaal en al onvoldoende is om dit uit te kanselleer. En wat dan? Wat maak jy dan? Dan is jy net so hooploos en so troosloos soos 'n ongelowige. Want dan is daar niks wat jy langs die sleg kan stel wat dit kan oorskadu nie.

Maar as ons ons daarop instel om vir God raak te sien, in Hom te glo en Hom te bely as die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is, dan is daar geen sleg wat dit ooit kan wegneem nie. Want geen sleg, hoe groot ookal, kan God se goedheid oorskadu nie. En dan het ons werklik troos en perspektief in hierdie lewe.

Is dit nie ook wat die Habakuk gedoen het nie? In daardie baie bekende woorde van Habakuk 3:17-19, kry ons Habakuk se oorweging, sy voorstelling van hoe die toekoms kan wees.

Dit kan gebeur dat die vyeboom nie bot nie en dat daar geen druiwe aan die wingerde is nie en dat die olyfoes misluk en die lande geen oeste lewer nie en dat daar geen kleinvee in die kampe meer is nie of beeste in die beeskrale nie. Habakuk stel dit vir homself voor hoe dit moet wees as dit uiters, ellendig, sleg gaan. En dan maak hy 'n keuse, by voorbaat al, dat hy dan nog in die Here sal juig en bly wees. Nie in die omstandighede wat so droewig is nie, maar in die Here sal hy sy blydschap vind. Hy kan dit doen, want dit is die Here wat aan hom die geloofskrag gee wat hy nodig het. Ons kan in die Here ons blydschap, ons troos en perspektief vind. Hy is die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is. Daar is geen sleg wat dit ooit kan wegneem nie.

3. God se goedheid oorskadu alle sleg

As ons net weer kyk na Psalm 36. Dawid weet nie in hoe 'n mate die goddeloses sy omstandighede gaan sleg maak nie. Hy weet en bely egter dat...dat God goed is. Teenoor God se goedheid weeg die sleg van die goddeloses nie op nie. En dit is vir hom genoeg om sy vertroude geheel en al in God te stel. Sy lewe in God se hande te lê en alles van God te verwag. Al werk dit nie vir hom uit soos wat hy dit graag sou wou hê nie. Al kry hulle wat sy lewe bedreig het, die oorhand oor hom. Dan steeds kan hy berusting vind in dié God wat sy liefde en trou aan hom bewys het, wat reg spreek en reg sal laat geskied, wat sorg vir mens en dier.

Jesus het vir die ryk jongman gesê: Niemand is goed nie, behalwe God alleen. Jesus kon dit sê, want sy hele lewe hier op aarde het Hy gelewe met die geloof en die belydenis dat God goed is. Daarom kon Hy enduit getrou bly aan sy roeping, al het dit vir Hom soveel sleg teweeg gebring. Kruis en doodsmart ondergaan het, al die angste van die hel. God se plan en God se bedoeling met sy lewe hier op aarde was goed, want God is goed. Die allervloedigste fontein van alles wat goed is.

En omdat God se plan met Jesus se aardse lewe goed was, het Hy ook aan ons sy Goeie Gees gegee. Mag die Here ons deur sy Gees instaat stel om Hom raak te sien as die goeie God. Die God wat al die goeie oor ons lewenspad beskik. En wat selfs met die kwaad en die slegte wat oor ons pad kom, 'n goeie doel het.

Amen.